



Dr Enzo Schroeder
MBChB (Pret) FCS(SA) MMed Chir(Stel)

Spesialis Chirurg

Pr no 0420000603864

www.plettsurg.co.za

INSTRUKSIES VIR KOLONVOORBEREIDING met PICOPREP

- Oggend prosedure -

'n Skoon kolon is baie belangrik vir die prosedure. Volg asb die instruksies noukeurig.

Die prosedure kan slegs suksesvol gedoen word indien u kolon skoon is.

Derm lediging begin ongeveer 2-3 uur na die eerste dosis Picoprep, en mag aanhou tot 2 uur na die laaste dosering.

Picoprep veroorsaak waterige stoelgange totdat die uitskeiding helder en sonder vaste deeltjies is.

Dit is raadsaam om naby 'n toilet te bly. Wend Vaseline aan om anus voor en na elke los stoelgang.

MEDIKASIE:

- **DIABETE** – indien moontlik, kontroleer asb u bloedsuikervlakke in die aand en oggend, en geen medikasie die oggend van die prosedure nie.
- **WARFARIN** – staak 4 dae voor die prosedure. Indien onseker, kontak u kardioloog of internis.
- **YSTER TABLETTE** - Staak **een week** voor die prosedure.
- **ALLE ROETINE MEDIKASIE MAG GENEEM WORD.**

EEN dag voor die prosedure :

Voor 08h00- Eet 'n ligte ontbyt, en drink daarna net goedgekeurde helder vloeistowwe .

Goedgekeurde helder vloeistowwe:

Water, swart tee/koffie, helder vrugte sap bv appel, litchie, duiwesap, Bovril drankies, helder hoender sop, Energie drankie(Energade, Powerade, Game)geel/groen jellie(sonder byvoegings) GEEN Oros, rooiwyn of pers koeldrank toegelaat nie.

Geen vaste kos, melk of suiwelprodukte toegelaat nie.

Drink net goedgekeurde helder vloeistowwe vir middag en aandete.

VOORBEREIDING - 3 SAKKIES PICOPREP

Los elke sakkie Picoprep op in 250ml warm water en roer tot helder.

Verkoel met ysblokkies en drink gevolg deur 'n glas water.

Om 11h00: Drink 'n glas water of helder vloeistof.

Om 12h00: Drink 'n glas water of helder vloeistof.

Om 13h00: Los die 1ste sakkie Picoprep op soos voorgeskryf en drink gevolg deur 'n glas water

Om 14h00: Drink 'n glas water of helder vloeistof.

Om 15h00: Drink 'n glas water of helder vloeistof.

Om 16h00: Neem die 2de sakkie Picoprep gevolg deur 'n glas water

Om 17h00: Drink 'n glas water of helder vloeistof.

Om 18h00: Drink 'n glas water of helder vloeistof

Om 19h00: Neem die 3de sakkie Picoprep gevolg deur 'n glas water

Om 20h00: Drink 'n glas water of helder vloeistof.

Staak inname van vloeistof 6 uur voor die prosedure.

Klein slukkies water mag geneem word tot 4 uur voor die prosedure.

U mag nie motor bestuur na die prosedure nie. Reël asb vervoer huis toe.